

Afrikaans

Tracing and Recall Script

Goeiedag.

My naam is [inbeller se eie naam], en ek is 'n Case Manager / Linkage Officer / Lay Counsellor by die [naam van gerief] kliniek.

Mag ek bevestig dat ek met [kliënt se naam] praat?

As die persoon “nee” antwoord, vra of jy met [kliënt se naam] kan praat.

As die persoon “ja” sê, gaan soos volg voort:

[kliënt se naam], ek bel om te vra hoe u voel, en om u te vertel hoe ons kan help om u gesondheid te ondersteun.

Gee die kliënt 'n kans om te antwoord.

As die kliënt meld dat hulle simptome van swak gesondheid het, reageer deur te sê:

Ek is jammer om dit te hoor.

As die kliënt sê dat hulle goed voel, reageer deur te sê:

Ek is bly om dit te hoor.

Gaan dan voort deur te sê:

My span het opgemerk dat u veronderstel was om die kliniek op [datum van afspraak wat oorgeslaan is] te besoek vir 'n ondersoek en om u medikasie na te gaan, maar u het nie die afspraak nagekom nie. Ons was dus bekommerd oor u welstand.

Ons weet dit was moeilik vir mense om tydens die inperking te reis, en u is dalk bekommerd oor die risiko vir Covid-19-infeksie as u na die kliniek toe kom.

Ek wil u dus gerusstel dat ons veilige maniere ingestel het om aan u die dienste te verskaf wat u nodig het. Dit is so belangrik dat ons 'n gesondheidsondersoek vir u doen en u die regte behandeling en ondersteuning gee.

As u toestand stabiel is, kan ons u 'n voorraad medisyne gee om u drie tot ses maande deur te sien

As die kliënt ten minste 6 maande van ART ontvang het en stabiel is, kan u byvoeg:

Ek sien dat u reeds ses maande van behandeling voltooi het en u doen baie goed. Ons kan u die opsie bied om voort te gaan om u herhaal medisyne te ontvang binne of buite die fasiliteit sonder on in n ry te staan. Indien u hierdie opsie verkies, sal die klinikus u meer hieroor vertel wanneer u na die kliniek toe kom.

Hierdie planne is deel van die Departement van Gesondheid se 'Welcome Back Campaign'.

Mag ek u meer van die program vertel?

As die kliënt instem, gaan soos volg voort:

Ons kan u twee keuses bied:

A: As u binne die volgende sewe dae na die kliniek kan kom, sal ek geduldig wag en u verwelkom. Wanneer u daar aankom, kan u vir my vra [**herhaal oproeper se eie naam en titel**], of u kan vir my 'n Please Call Me stuur, of 'n SMS of WhatsApp-boodskap, sodat ek jou persoonlik kan ontmoet

B: As u nie binne die volgende sewe dae om enige rede na die fasiliteit toe kan kom nie, kontak my asseblief per SMS, WhatsApp of Please Call Me, sodat ons planne kan maak vir 'n tuisbesoek, en indien nodig, om u medisyne na u te bring met behulp van [spesifiseer bestaande plaaslike strukture].

Watter van hierdie twee opsies sou u verkies, [**kliënt se naam**]?

Wil u binne die volgende sewe dae na die kliniek toe kom, of wil u hê ek moet 'n tuisbesoek reël?

Laat die persoon toe om te antwoord, en teken die kliënt reaksie in die leer aan

Sê dan:

Goed, [**kliënt se naam**]. Ek is baie bly dat ons hierdie plan vir u in plek het.

Onthou ook dat as u ooit nie goed voel nie, u enige tyd na die kliniek kan kom vir 'n behoorlike ondersoek.

As u ooit meer inligting nodig het of as u enige vrae het, is u welkom om my te kontak op hierdie nommer [**kontaknommer**] en ek sal u terugbel.

[kliënt se naam] ons is amper klaar, maar ek dink dit is belangrik dat ons die rede(s) verstaan waarom u nie vir jou afspraak kon nakom nie, sodat ons u beter kan ondersteun?

Dankie vir u tyd, [**kliënt se naam**].

Het u nou enige vrae vir my?